higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 2

(7601012)

26 November 2020 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

112Q1N2026

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
6. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Wanneer jy nuwe inligting leer, moet paaie gevestig word deur boodskappe wat heen en weer gestuur word tussen die … in die brein.

A stamselle
B neurone
C breinselle
D neutraliseer

1.2 Die beste strategieë om ’n positiewe verhouding te vorm is …

A wedersydse respek, eerlikheid en vertroue.
B wedersydse wantroue, respek en omgee vir mekaar.
C wedersydse afsydigheid, gebrek aan respek en kommunikasie.
D wedersydse afkeer, dieselfde belangstellings en liefde.

1.3 Die gebruik van tegnologie om ’n ander persoon te teister, te bedreig of in die verleentheid te bring, word … genoem.

A verbale afknouery
B fisiese afknouery
C kuberafknouery
D sosiale afknouery

1.4 Jy stap by jou vriend se huis in en sien onmiddellik baie dinge raak wat ’n gevaar kan wees wat ’n brand kan veroorsaak. Wys vir jou vriend dat hy … om te keer dat ’n brand ontstaan.

A die proppe by die elektriese sok kan oorlaai
B die elektriese toestelle sonder toesig kan los
C seker kan maak dat die stoof afgeskakel is
D die gasbottel langs die stoof kan los

1.5 Studente wat met ’n beurs by die kollege studeer, het sekere verantwoordelikhede wat daarmee saam gaan. Om seker te maak dat die student die beurs behou, moet hy/sy …

A geld insamel vir partytjies en middelmisbruik.
B sommige klasse bywoon en take indien wanneer hy/sy wil.
C ’n rolmodel vir ander studente wees en die gedragskode nakom.
D ander mense by die kollege met ’n bietjie respek behandel.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies ’n term uit KOLOM B wat by ’n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Een van die oefeninge wat ingesluit moet word by ’n program wat jou vlak van fiksheid bepaal	A	sifilis
2.2	Die eienskap van seker wees van jou vermoëns	B	fisieke uithouvermoë
2.3	’n Bakteriële infeksie wat deur seksuele kontak versprei en met ’n pynlose seer begin	C	mediumtermyndoelwit
2.4	’n Voorbeeld van ODT-medisyne is …	D	veerkrag
2.5	’n Doelwit wat jy vir jouself kan stel om oor ’n paar maande te bereik	E	stimuleermiddels
2.6	Strategie om die uitdagings van studentwees by ’n kollege te hanteer	F	selfvertroue
2.7	’n Middel wat vlakke van senuwee-aktiwiteit in die liggaam verhoog	G	voorbehoedmiddels
2.8	Mors jou tyd wanneer jy moet studeer	H	koue water
2.9	Word op eerstegraadse brandwonde gesit wanneer jy ’n slagoffer van ’n brand help	I	kardiovaskulêre uithouvermoë
2.10	’n Toestel of medisyne wat swangerskap verhoed	J	langtermyndoelwit
		K	Panado’s
		L	oorversekerd
		M	weerstand
		N	selfoon
		O	heroïen

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee EEN REDE vir elke antwoord.

3.1 Wanneer jy die SMART-beginsel gebruik, sal jy kan sien dat om jou doelwitte te prioritiseer, beteken om hulle uit te stel.

3.2 As persoon kan jy jouself motiveer deur op ander mense staat te maak om sukses te behaal.

3.3 Suikerige kosse verminder gewigsverlies.

3.4 Om genoeg water te drink is 'n teken van 'n gesonde leefstyl.

3.5 Wanneer studente etiese gedrag op kollege toon, is dit sleg vir akademiese prestasie.

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 4

Gee EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

protes; gevaarlikste; gebraaide hoender; negatief; maak; positief; vriendelikheid; warm tjips; vrywillig onderneem; vaardighede; vrugte; afknouery; effektiefste

4.1 Vir die brein om op sy beste te funksioneer wanneer iemand studeer, moet die persoon baie … eet.

4.2 Mense moet meer oefening doen, want dit sal hulle help om meer stresvry en … te wees.

4.3 'n Persoon moet die instruksies volg wat 'n dokter gee om medikasie te neem, om seker te maak dit is die …

4.4 'n Rolmodel is iemand met verskeie eienskappe en soos wie ons kan streef (probeer) om te wees. 'n Voorbeeld hiervan is …

4.5 Met die COVID-19-pandemie waarvoor ons hierdie jaar te staan kom, het ons gemeenskappe nodig dat ons as burgers … om 'n verskil te maak en help waar ons kan.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE van die meervoudige intelligensies. (2)

5.2 Gee TWEE nadele daarvan om by 'n studiegroep aan te sluit. (2)

5.3 In die Handves van Regte is daar 'n lys menseregte wat elke burger het.

5.3.1 Noem DRIE van die menseregte wat in die Handves van Regte genoem word. (3)

5.3.2 Verduidelik EEN verantwoordelikheid wat met elk van die menseregte wat jy in VRAAG 5.3.1 genoem het, gepaardgaan. (3)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 6

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Hierdie is 'n storie oor Anele Mbisha.
As tienerdeurdrywer het hy dwelms op die strate van Soweto verkoop om sy gesin te help. Dit was 'n rowwe, swaar bestaan, en hy was net 16 jaar oud. Hy het erken dat sy ma en ouma hom morele waardes en beginsels geleer het, maar dat dit verander het toe hy op straat begin leef het. Hy het erken dat hy eenkeer probeer het om selfmoord te pleeg. Hy het diepgewortelde probleme met vertroue en hy het erken dat hy op 'n jong ouderdom al mense wantrou het.

Hy het deel geword van 'n globale suksesverhaal toe hy saam met superster Kendrick op die rekordklankbaan van die trefferfliek Black Panther opgetree het.

[Aangepas uit: *Drum2 8 April 2019*]

6.1 Vanuit die uittreksel, identifiseer DRIE maniere waarop dwelms Anele se lewe verwoes het. (3)

6.2 Ontwerp 'n SWOT-ontleding van Anele se sterkpunte, geleenthede, swakpunte en bedreigings. Moenie die presiese (dieselfde) woorde uit die uittreksel hier bo gebruik nie. (5)

6.3 Noem die EEN meervoudige intelligensie wat die beste by Anele sal pas. (1)

6.4 Verduidelik kortliks die intelligensie wat jy in VRAAG 6.3 gekies het. (1)

6.5 Dit is ouers en voogde se plig om vir kinders morele waardes en beginsels te leer.

6.5.1 Verduidelik TWEE redes waarom sommige kinders goeie morele waardes en beginsels geleer word maar op die ou end dwelms gebruik. (4)

6.5.2 Noem TWEE ondersteuningsdienste wat beskikbaar is as iemand wil ophou dwelms gebruik. (2)


6.6 Gee TWEE redes waarom jy dink Anele selfmoord probeer pleeg het. (4)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae.



[Bron: *http://www.dailymirror.ik/article/aids/victim-they have -a-fundamental-health-141424*]

7.1 Kennis is belangrik in die hantering van MIV/VIGS.

7.1.1 Skep 'n titel vir die spotprent hier bo (VIER woorde of minder). (2)

7.1.2 Verduidelik DRIE redes waarom kennis belangrik is in die hantering van MIV/VIGS. (3)

7.1.3 Beskryf TWEE gevaarlike situasies wat daartoe kan lei dat iemand met MIV geïnfekteer word. (4)

7.2 Sekere waardes is belangrik in die beheer en hantering van MIV/VIGS.

7.2.1 Wat is *deursettingsvermoë*? (2)

7.2.2 Gee TWEE redes waarom deursettingsvermoë belangrik is om dinge soos MIV/VIGS, akademiese doelwitte en selfs die gesinslewe te hanteer. (4)

7.3 As jy ander SOI's het, maak dit jou vatbaar vir MIV.

7.3.1 Wat verstaan jy onder SOI's? (2)

7.3.2 Noem DRIE soorte SOI's (3)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 8

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae.



[Bron: *https:www.youtube.com/watch?v=a68zbcm7xkpsig=aovw3m4bf*]

8.1 Jou kollege se bestuur wil ’n veldtog teen groepsdruk begin.

8.1.1 Definieer *groepsdruk.* (2)

8.1.2 Gee DRIE voorbeelde van groepsdruk op jou kampus. (3)

8.1.3 Beveel TWEE strategieë aan wat studente kan gebruik om groepsdruk te hanteer. (2)

8.2 Groepsdruk en ander dinge soos uitstellery kan studente se bereiking van hulle akademiese doelwitte negatief beïnvloed.

8.2.1 Gee DRIE redes waarom dit belangrik is vir studente om stiptelik te wees en by die keerdatums te hou wat deur die dosente aan hulle gegee word. (3)

8.2.2 ’n Studierooster is een van die dinge wat studente kan help om by hulle akademiese doelwitte te hou.

Wat is ’n *studierooster*? (2)

8.2.3 Noem DRIE belangrike items om by ’n studierooster in te sluit. (3)

8.3 Terwyl jy studeer het, het jy aangebied om die leier van ’n projek te wees.

In ’n paragraaf, beskryf kortliks VIER leierskapsvaardighede wat jy in die bestuur van die projek getoon het. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou